**God het vir ons iets beters voorsien**

**Heb 11:32-40**

**13 November 2022**

1. Heb 11:1-31: Funksionele definisie van geloof, voorbeelde van insidente uit lewens van Ou Testamentiese gelowiges
2. Afsluiting van lys van Ou Testamentiese gelowiges (Heb 11:32-39a)
    a. Verwys na voorbeelde van rigters, konings en profete – dus hele Ou Testament
    b. Geloof het sommige gelowiges tot stryd laat toetree, dikwels met groot sukses (Heb 11:33-35a)
        - Hulle het gedoen wat reg is (v33)
    c. Geloof het baie gelowiges laat volhard in die geloof (Heb 11:35b-38)
        - Hulle het gehunker na 'n beter opstanding (v35b)
    d. Daar is met lof oor al hierdie gelowiges getuig (Heb 11:39a)
        - Hulle optredes is in Ou Testament en Heb 11 opgeneem
        - Heilige Gees getuig hulle is kinders van God (Rom 8:16)
        - Jesus getuig oor hulle voor Sy Vader en die engele (Op 3:5)
3. Wat beteken dit dat OT gelowiges nie die belofte ontvang het nie? (Heb 11:39b)
    a. Al God se beloftes trek saam in die belofte van Sy Seun (2 Kor 1:20)
    b. Die belofte = die belofte van Jesus se koms (Hand 13:23, 32-33, vgl Mat 13:16-17)
    c. Het nie die belofte ontvang nie = Het nie die vervulling van die belofte ontvang nie
4. Wat is die "iets beters" wat God vir ons voorsien het? (Heb 11:40a)
    a. Ons = Hebreërskrywer en sy lesers = NT gelowiges
    b. Gebruik van "beter" in Hebreërboek:
        - Heb 7:19 – beter hoop
        - Heb 7:22 – Jesus is borg van beter verbond
        - Heb 8:6 – Jesus is Middelaar van 'n uitnemender verbond
        - Heb 9:23 – Hemelse dinge is deur beter offers gereinig
    c. Iets beters = nuwe verbond (vgl Luk 22:20)
    d. God het ewige genadeverbond ingestel (bv Gen 3, verbond met Abraham)
        - Beginsel: Word uit genade gered deur geloof (Gen 15:6, Rom 3:22, 4:1-3)
    e. In OT word ewige genadeverbond geadministreer vlgs ou verbond (sigbare tipes, skadubeelde)
    f. In NT word ewige genadeverbond geadministreer vlgs nuwe verbond (vervulling van tipes en skadubeelde)
5. Wat beteken dit dat OT gelowiges nie sonder NT gelowiges volmaak gemaak sou word nie? (Heb 11:40b)
    a. Alle gelowiges word deur God volmaak gemaak (Judas:24)
    b. OT en NT gelowiges wat reeds gesterf het, se siele is reeds in die hemel (Op 4-5)
    c. Hulle het reeds wit klere aan en hulle wag (Op 6:9-11)
    d. Wederkoms: Siele van OT en NT afgestorwenes verenig met geestelike opstandingsliggame, afgestorwenes en lewende gelowiges verenig (1 Tes 4:15-17, 1 Kor 15:52)
    e. Oordeelsdag: OT en NT gelowiges beërf saam God se koninkryk (Mat 25:31-32)
    f. Nuwe Jerusalem: OT en NT gelowiges vorm saam die nuwe Jerusalem (Op 21:2-3, vgl Heb 11:10, Gen 15:7)
    g. Jesus het gesê OT en NT gelowiges beërf saam die koninkryk (Mat 8:11)